# Les 19 JESUS CHRISTUS MAAK DIE DAWIDSBELOFTE WAAR: GOD IS HERE VIR SONDAARS

## 1. God is Here óór sondaars: Hy besluit wat die regte en pligte van regeerders is

Die volk het ŉ koning gesoek wat hulle hulle sin kon gee: ŉ koning wat in God se plek oor hulle sou regeer. Dit is nie wat hulle gekry het nie. God gee hulle nie hulle sin nie. God is Here. Hy deel nie sy posisie en gesag met iemand anders nie.

God stel regeerders op sý voorwaardes aan. Hierdie konings het regte en pligte wat hulle van God kry. Regeerders is almal dienaars van God – of hulle dit nou so sien of nie.

*"[9] Gee nou maar toe aan hulle versoek. Stel die saak net baie duidelik aan hulle: sê vir hulle wat die reg van die koning is wat oor hulle sal regeer." [10] Samuel het al die woorde van die Here oorgedra aan die volk wat van hom 'n koning gevra het. [11] Hy het gesê: "Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: julle seuns sal hy vat en party by sy wa en perderuiters aanstel, party om voor sy wa uit te hardloop, [12] party sal hy aanstel as bevelvoerders oor afdelings en onderafdelings van die leër, party om sy lande te ploeg en sy oes in te samel, en party om sy krygstuig en uitrusting vir sy strydwaens te maak; [13] julle dogters sal hy vat om vir hom salf te meng, om vir hom te kook en te bak; [14] julle beste lande, wingerde en olyfboorde sal hy vat en aan sy amptenare gee; [15] van julle saaigrond en wingerde se opbrengs sal hy 'n tiende vat en aan sy paleispersoneel en sy amptenare gee; [16] julle beste slawe, slavinne en jong manne, en julle donkies sal hy vat en vir sy werk gebruik; [17] van julle kleinvee sal hy 'n tiende vat, en julle self sal sy slawe wees. [18] "Daardie dag sal julle om hulp roep vanweë julle koning vir wie julle verkies het, maar dan sal die Here julle nie antwoord nie." [19] Maar die volk het geweier om na Samuel te luister. Hulle het vir hom gesê: "Nee, daar moet tog maar 'n koning oor ons wees. [20] Ons wil ook soos al die nasies wees. Ons koning moet oor ons regeer; hy moet ons lei en ons oorloë voer." [21] Samuel het na die woorde van die volk geluister en dit vir die Here vertel. [22] Toe sê die Here vir Samuel: "Gee toe aan hulle versoek. Stel 'n koning oor hulle aan." Samuel het vir die manne van Israel gesê: "Gaan julle nou almal huis toe."* (1 Samuel 8)

Die reg van die koning is om die land en mense te regeer. Hy regeer soos God dit bepaal. Dit is ŉ dienswerk. Konings moet God en hulle naaste dien deur reg te regeer. Hierdie dienste van die koning word uitgespel:

1. Hy moet die weermag en polisie organiseer en mense oproep vir diensplig. (*aanstel as bevelvoerders oor afdelings van die leër*)

2. Hy moet belasting invorder om die dienste in die land te organiseer. (*van julle saaigrond en wingerde se opbrengs sal hy 'n tiende vat*)

3. Hy moet ŉ staatsdiens organiseer en mense in die staat se diens laat werk.

4. Hy moet mense se eiendom onteien en vir staatsgebruik opeis.

Dit is duidelik: God bepaal die regte en dienste van regeerders.

**2. <u>God is Here óór sondaars: Hy stel konings volgens sy wil aan</u>**

Wie stel vir wie aan?

Is dit God wat regeerders aanstel of is dit regeerders wat Hom as God aanstel?

Die Here gee die opdrag dat Samuel ŉ koning moet aanwys vir die volk. Hý stel regeerders aan. Hulle stel Hom nie aan nie.

Die reg wat die regeerders van Israel hulleself aangematig het, dat hulle vir God, en ook ander gode, na hartelus kan aanstel, is nie die reg van ŉ regeerder nie. Dit is afgodsdiens. Dit is sonde teen God.

**3. <u>God is Here óór sondaars: Hy straf konings en hulle onderdane</u>**

Regeerders moet regeer volgens die wil van God. As hulle dit nie doen nie, dan straf God hulle. Dit het vir Dawid en al sy nakomelinge ook getel. Hierdie mag wat God oor regeerders het, word binne die Dawidsbelofte duidelik gemaak:

*“13 Hy sal vir my Naam ’n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. 14 Ek sal vir hom ’n vader wees en hy sal vir My ’n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.”*

Die wyse waarop God konings en onderdane straf, is om hulle koningskap weg te vat, om al die belange wat die onderdane met hulle sonde wou bevorder, te vernietig en hulle aan die gesag en wette onderdanig te maak van ander wat wél na God se wette luister. Só het God al die regeerders, saam met hulle onderdane, nog altyd gestraf.

Jerobeam het geglo hy kan God nes ander gode aanstel, afdank, take gee en minder of meer belangrik laat wees. God straf Jerobeam vir sy afgodsdiens en goddeloosheid:

*“7 Gaan sê vir Jerobeam: ‘So sê die Here die God van Israel: Ek het jou ’n vername man gemaak onder die mense en jou as heerser aangestel oor my volk Israel. 8 Toe Ek die koningskap afgeskeur het van die huis van Dawid af, het Ek dit aan jou gegee. Maar jy was nie soos my dienaar Dawid wat hom aan my opdragte gehou het en wat sy hele lewe aan My toegewy het deur net te doen wat reg is in my oë nie. 9 Jy het slegter opgetree as almal voor jou. Jy het vir jou ander gode gemaak, afgodsbeelde, om My uit te tart, en jy het jou rug vir My gedraai. 10 Om dié rede bring Ek ellende oor die huis van Jerobeam. Ek sal al wat manlik is uit die nageslag van Jerobeam, wie ook al, uit Israel uitroei. Ek gaan heeltemal ontslae raak van die huis van Jerobeam, soos ’n mens van vuilgoed ontslae raak. 11 Die een van Jerobeam wat in die stad omkom, die honde sal hom opvreet; en die een wat in die veld omkom, die roofvoëls sal hom vreet. Dit sal gebeur omdat die Here dit gesê het.’”* (1 Konings 14)

God het Jerobeam aangestel as regeerder. Omdat hy nie volgens die regte van God regeer nie, straf God hom. Hy maak 'n einde aan sy regering. Die Here regeer sondaars. Alle sondaars. Hy stel alle regeerders in die hele wêreld aan – maak nie saak wie hulle aanbid of dien nie. As enige regeerders en hulle onderdane nie volgens die Here se wil leef nie, dan straf Hy hulle, orals oor die hele wêreld.

Kyk gerus na die boodskap van al die profete. God is Here. Hy is wat Hy is. Hy straf Egiptenare, Filistyne, Arameërs, Babiloniërs, Perse, Grieke en Romeine as hulle nie volgens sy wette regeer en leef nie. Of hulle nou hulle eie gode aanstel en dien, en of hulle nou dink dat die gode hulle sondes goedmaak – is nie belangrik nie. God is wat Hy is. Só regeer Hy die wêreld. Hy regeer nie soos wat mense dink en glo nie:

*"[25] Ek maak die koning van Babel se arms sterk, maar die farao s'n sal slap hang. Wanneer Ek my swaard in die koning van Babel se hand sit en hy die swaard na Egipte toe uitsteek, sal die Egiptenaars besef dat Ek die Here is. [26] "Ek jaag hulle uitmekaar onder die ander nasies in, Ek verstrooi hulle oor ander lande. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.""* (Jeremia 30)

**4. <u>God regeer sy kerk deur sy Gees</u>**

Die kerk van die Here is anders!

God stel nie regeerders oor sy kerk aan nie. God regeer sy kerk deur sy Gees. Hierdie is heeltemal 'n ander wyse van regeer.

Die regering deur die Gees van die Here beteken dat God sondaars vasbind aan sy liefde. Hulle hoor God se Woord en luister self na God se Woord, sonder dat daar leiers of regeerders oor hulle aangestel is.

*"[31] Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [32] Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. [33] Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. [34] 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."* (Jeremia 31)

Kyk na vers 34! Die regering deur die Gees en Woord van God, beteken dat die Here sy volk nie deur regeerders regeer nie. Daar is niemand wat oor ander aangestel word om te kyk dat hulle volgens die Here se wil leef nie. Daar is geen regeerder wat jou met wette, reëls, strawwe of belonings dwing om God te dien nie. Die regering deur die Gees beteken dat God mense só verander dat hulle Hom as Here liefhet:

*"[22] Hoe lank gaan jy nog talm, jy wat so dikwels jou eie koers gaan? Die Here skep iets nuuts in jou land: Israel sal die Here liefhê."*

## 5. God laat Hom as Here ken en dien deur sy Gees

Die gawe van die Gees van God, is God wat mense deur sy goedheid en liefde lei. Daarom wil hulle nie God aanstel en vir sonde gebruik nie, maar in hulle harte, siel en verstand erken hulle God as Here:

*"[14] Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.* (Esegiël 37)

Hierdie is die nuwe regering van God: sondaars word deur sy liefde en genade regeer. Dit is die nuwe koningskap wat aan die seun van Dawid gegee word. Hy gaan ŉ koningskap skep waar sondaars deur God se liefde gelei word.

God ís koning. Hy kan nie koning gemáák word nie. Hy kan ook nie sy koningskap aan ŉ mens oordra nie. Daarom is die Seun van Dawid ook die Seun van God. Dit is een persoon: Godself. God is nog altyd koning!

Die nuutheid gaan daaroor dat sondaars nie meer deur God se wette nie, maar deur sy Gees regeer word. Dit is deur sy liefde en genade. Sondaars kan eintlik nie so regeer word nie. Hulle sondigheid maak dat hulle net deur straf en oordeel bestuur kan word. Maar God skep iets nuuts!

Die seun van Dawid is die persoon wat hierdie nuwe koningskap gaan bewerk en tot stand bring. Hy gaan maak dat sondaars God erken en dien as Here. Hulle sal nie met Hom maak wat hulle wil nie. Hierdie sondaars is sy volk.

## 6. Jesus maak die Dawidsbelofte vir Homself waar: Hy is die Here wat die gawe van die Heilige Gees ontvang en uitstort

Wie is die persoon wat die koningskap gaan ontvang om deur die Gees van God te regeer? Kom ons kyk wat sê Lukas:

*"[32] God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33] Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. [34] Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand [35] totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het. [36] Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"* (Handelinge 2)

1. God die Vader gee aan Jesus ŉ troon. Dit is ŉ ander manier om te sê Hy maak Jesus koning. Hierdie troon is om aan die regterhand van God te sit. Dit beteken Hy is self God en regeer as God.

2. Die nuwe wyse waarop Jesus koning is – is Hy ontvang die Heilige Gees. Dit beteken Hy is die Een wat nou sondaars deur God se liefde en genade kan regeer. Dit is ŉ nuwe koningskap.

3. Die nuwe wyse waarop Jesus koning is – beteken dat Hy die Heilige Gees aan sondaars gee. Dit beteken Hy regeer hulle deur sy Gees. Hulle ontvang en word deur God se genade en liefde gelei.

4. Jesus is Here en Christus gemaak. Jesus is Here. Kom ons kyk in Johannes hoe word dit gesê:

*“57 Die Jode sê toe vir Hom: “Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien? “58 Jesus het hulle geantwoord: “Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.” 59 Hulle het toe klippe opgetel om Hom daarmee te gooi. Maar Jesus het gaan skuil en van die tempel af weggegaan.”* (Johannes 8)

Jesus is, saam met die Vader en Gees, Here van altyd af. Hy het nie eers Here geword toe Hy aan die regterhand van God gaan sit het nie.

Hoe Hy Here geword het, is dat sondaars Hom nou as Here erken en dien. Dit is die nuwe godsdiens van die Gees: sondaars erken en dien God as Here: Hy is wat Hy is. Ons probeer Hom nie maak wat Hy is nie. Ons probeer Hom nie aanstel, verander, of meer of minder belangrik maak nie. Ons dien Hom nie uit vrees vir straf nie, of om meer goed by Hom te kan kry nie.

Die nuwe godsdiens deur die Heilige Gees is dat sondaars God dien omdat Hy Here is! Hy is wat Hy is – ons behoort aan Hom. Dit is hoekom ons Hom eer, loof, aanbid en liefhet.

**Die nuwe godsdiens deur die Gees is: Hy is wat Hy is – ons sondaars behoort aan Hom!**

Jesus maak die Dawidsbelofte waar: Hy sit aan die regterhand van God en Hy gee die Heilige Gees as gawe. Hy is Here en Christus. Die Christene het van die begin af hierdie nuwe regeringswyse en nuwe godsdiens vir sondaars bely in die kort belydenis: “Jesus Christus is die Here!” Hy is wat Hy is – Ek behoort aan Hom.

Daarom is daar geen leiers en regeerders in die kerk van die Here nie. In hierdie verbondsverhouding: Jesus is die Here – Ek behoort aan Hom – is die Here se Gees en woord ons regering en ons leiding. Tussen ons en God staan niemand nie.

## 7. Moderne afgodsdiens

Moderne afgodsdiens draai die hele godsdiens om – net soos in die Ou Testamentiese tyd – met net een verskil: hulle maak nie meer afgodsbeelde van klip en yster nie.

Kyk of julle kan sien hoe alles omgedraai is in die volgende boodskappe:

1. Ons moet Jesus koning maak! Ons moet Jesus as koning aanstel op die troon van ons hart, die troon van ons familie, die troon van ons besigheid en die troon van ons land.

2. Ons gees en God se Gees moet een Gees word! Ons moet God se Gees in ons lewe laat inkom en ons moet Hom die beheer gee sodat Hy beheer kan kry van ons lewe.

3. As jy Jesus koning maak en die beheer van jou lewe gee, sal Hy jou gelukkig maak, jou die sin van die lewe gee, jou 'n lewe van oorvloed laat beleef, jou vrede in die land gee, jou reën en goeie oeste gee, jou besigheid suksesvol maak.

**<u>Dink 'n bietjie:</u>**

1. Wie maak Jesus Here en Christus, ons of die Vader? Watter troon kry Jesus, die een wat ons Hom gee, of die een wat die Vader in die Dawidsbelofte aan Hom gegee het?

2. As ons aan Jesus sy troon en sy beheer gee – is Hy wat Hy is, of maak ons Hom wat Hy is? Is Hy Here, of maak ons Hom Here? As ons gees en God se Gees een Gees word – is Hy nog wat Hy is: Here, en ons wat ons is: sondaars – of het ons nou soos Jesus die Here geword?

3. Het Jesus die koningsbelofte waargemaak sodat ons ons sin kan kry, of sodat ons God as Here kan dien, al kry ons nie ons sin nie?

**Moderne afgodsdiens is: Ons word een met Jesus: ons maak Jesus baas sodat Hy ons ons sin kan gee en sodat ander na óns wette moet luister.**

In hierdie moderne afgodsdiens is daar dan weer regeerders en leiers oor die kerk. Die mense wat Jesus op die troon sit en een met sy Gees is, is die sterkes en die magtiges. Hulle maak Jesus baas. Jesus moet na hulle belange kyk waaroor hulle Hom aanstel. Omdat hulle Jesus baas maak, moet Jesus kyk dat mense ook luister na die wette wat hulle oor ander mense maak om by hulle belange te pas.

## 8. <u>Samevatting</u>

Jesus maak die Dawidsbelofte vir Homself waar: Hy word Here en Christus aan die regterhand van God. Afgodsdiens draai sy werk om. Hulle wil Jesus as koning aanstel om hulle sondige belange te bevorder. God aanvaar nie hierdie aanstelling nie. Hy straf sulke mense.